Liewe vriend/in

Ons staan aan die begin van ’n nuwe jaar met nuwe uitdagings en nuwe vereistes. Daarom rig ek hierdie skrywe aan u, om u bekend te stel aan hierdie Projek om die Evangelie volgens Handelinge 1:8 uit te dra.

Ons besef nie elke dag hoe groot die nood daar buite is nie, want dit gaan met ons goed. Ons het baie en soms in oorvloed. Nou vra ek u om dit ook met ander te deel asseblief. Daar is so groot honger na die boodskap van hoop in die wêreld en met u hulp en bydrae kan ons dit moontlik maak om hopelose mense te bereik.

Wat kan jy doen om te help? Hoe kan jy betrokke raak? Wel hier is die oplossing.....

Word deel van ‘n besondere plan om ’n reuse verskil in duisende mense se lewens te maak deur saam te werk om-

verlorenes te evangeliseer
onbereiktes te bereik
gelowiges toe te rus
leiers op te lei
geroepenes te bemoedig
die kerk te mobiliseer
sendelinge te ondersteun
infrastruktuur te fasiliteer en
korttermynuitreike te loods!!!

HOE ????? Projek 850 maak dit moontlik..... Kyk net..... en doen.....

50 persone dra elk R 500 per maand by
50 persone elk R 300
100 persone elk R 200
150 persone elk R 100 en
500 persone elk R 50

WIL JY EEN VAN DIE 850 MENSE WEES WAT ‘N VERSKIL MAAK?

Al wat u hoef te doen is om die meegaande strokie in te vul en vir my terug te stuur of my te kontak by 082 216 7505 of per e-pos by loubser.cornelia@gmail.com. U is ook welkom om hierdie projek met ‘n bedrag van u keuse of eenmalig te ondersteun.

As u betrokke raak sal u gereelde nuusbriewe en een maal per jaar ’n gebedskalender ontvang. Ds Thys Loubser kan ook per uitnodiging 'n Sondag in u gemeente kom optree. Daar kan hy dan ook die Evangelie rondom sending met almal kom deel.

Baie dankie vir u bydrae om ’n verskil te maak.

Bid asseblief saam met my vir hierdie groot saak.

In Sy diens

Cornelia Loubser
Fondswerwing

Aksie 1:8
Posbus 15769
SINOVILLE
0129

Tel.
012-808 0457

Selfoonnr.
082 216 7505

Faks
086 693 3513

E-pos
loubser.cornelia@gmail.com

Webblad
www.aksie18.co.za